

April 2004

Dagsê alle belangstellende in die geskiedenis van ou Pretoria

Baie dankie vir almal se belangstelling verlede maand. Die is lekker om so baie terugvoering te kry. Om 'n mikrofish leser te verander na 'n mikrofilm leser is baie moeiliker as wat ek oorspronklik gedink het. Toe kry ek 'n ander oplossing. Ek sny net die filmrol in stukkie en dan pas dit in die mikrofish leser. Tans is ek besig om die Volksstem van 1873/1874 te lees. Ongelooflik interessant. Die Transvaalse Litterere en Wetenskap Vereeniging is so pas gestig. Die eerste byeenkoms van die Perdereisiesklub gaan binnekort plaasvind. Die Vrywillegerskorps [staatsartillerie] is gestig. Interessante kriektwedstryde vir die komende jaar word beplan, getroude teen ongetroude mans, Pta. Inwoners teen besoekers, en daar word ook getoer – na Potchefstroom. Die dames van Pretoria is besig met 'n fondinsamelingsveldtog vir die bou van 'n konsertsaal. [Alle konserte word tans in die skoolkamer op Kerkplein gehou.] En dan natuurlik sonde met die bure, Mears se hoenders loop in Struben se tuin, toe skiet Struben 'n paar van hulle dood. Die saak dien tans voor die Landdroshof.

Ek maak 'n alfabetiese index van dit wat ek lees op Excell. Enig iemand wat navorsing doen is welkom om hier te kom lees. Ongelukkig is hier nie geriewe om afdrukke te maak nie. 'n Masjien wat dit kan doen kos in die omgewing van R22,000

'n Paar regstellings van verlede maand se brief

Nuwe Raadsaal in Pretoriusstraat

Die gebou in Pretoriusstraat [hoek van Pretoriusstraat en Volksstemlaan] is nie gebou as 'n nuwe Raadsaal nie maar wel as 'n nuwe Goewermentsgebou.

Ek wonder hoekom ons van die gebou op Kerkplein praat as die "Ou Raadsaal" in werklikheid is dit 'n "Goewermentsgebou" met 'n Raadsaal binne-in. In Wierda se eerste plan van die tweeverdieping gebou noem hy dit die "Gouverments-Gebouwen te Pretoria" en op 'n ander skets noem hy dit die "Staats-Gebou te Pretoria"

Grand hotel

Die hotel wat 1890 oorkant die Ou Raadsaal gebou is was nie die "Grand Hotel" nie maar wel die "President Hotel" Die naam is eers in 1995 verander na die Grand Hotel. Ek is nou op soek na 'n foto van die President Hotel. Al wat ek nog to dusver kom opspoor is 'n foto van die agterkant waar die naam president Hotel teen die muur te sien is.

Krieket op Kerkplein

Ek het die oorspronklike koerantberig in die Volksstem opgespoor. Daar is wel 'n saluut afgevuur na die wedstryd maar dit was nie omdat die een span gewen het nie. Dit was te viering van president Burgers se verjaarsdag. Terloops, in een van die wedstryde het my groot groot oupa William Skinner baie goed gespeel, Twee lopies en een ou uitvang. Meeste van die spelers is uit sonder enige lopies.

Nog iets oor die klokke van die Raadsaal.

Die volgende van Anton Jansen

Ek was onlangs in die toring en lees die volgende op die klokke. Op die groot klok: *Staatspresident Paul Kruger*, op die twee medium groot klokke: *Onze leus is de leus onzer vaderen: Eendracht maakt macht en Het recht der volkeren is aan onze zijde en hoe zwak wij zijn onze God is een rechtvaardige God.* Op die kleinste een: *Wij herhalen plegtig, onze leuze is: Eendracht en verzoening, onze vrijheid is orde en wet.*

Ek is tans besig om 'n staaltrap met handreling in die toring te bou sodat 'n mens makliker by die klokke kan kom. [Anton]

Tyd in ou Pretoria

Die volgende kom uit die Volksstem van 22 Augustus 1873. Ek gee dit soos dit oorspronklik deur die redakteur J.F. Celliers [dit is die vader van die digter J. F. E. Celliers] geskryf is: “Een van de grootste behoeften van Pretoria is een publieke klok, die behoorlik gereguleerd behoort te worden om steeds den regte tyd aan te wyzen. Sooals't nu gaat houdt elkeen die een horlogie heeft, syn eigen tyd er op, en die verschilt onderling aanmerkelyk gelyk 'men ligt begrypen kan. 't Is waar op zekere uren van den dag wordt de kantoor – of kerkklok geluid; maar wie waarbotgt den ingezetenen voor die stipte juistheid van die aangevingen van den tyd.”

Die verskoning was seker gereeld gebruik as iemand laat opdaag. In 'n latere koerant word daar gemeld dat daar geen lucifers [vuurhoudjies] in Pretoria te kry is nie en nou is baie mense laat by die werk omrede dit langer neem om ontbyt voor te berei.

Die Staatsartillerie het ook 'n probleem met tyd ondervind. Hulle het twee maal per week om vyf uur ge-oefen, maar baie van die manne was elke middag laat. Toe is daar besluit om 'n kwartier voor elke oefening 'n skoot af te vuur sodat almal kan weet wanneer om te kom. [Volksstem 1874-03-14]

Dit is seker om diesefde rede wat 'n kerkklok 'n eerste en 'n tweede keer gelui word voor 'n diens begin het.

O die Donkie is 'n wonderlike ding!!

Hier volg een en ander oor die donkies van Pretoria.

Donkies op die eerste Raadsaal se stoep

In die boek “Mure wat praat” wat handel oor die geskiedenis van die Ou Raadsaal deur Holm en Viljoen het hulle die volgende opgeteken.

Dit kon so 'n jaar of wat voor die hoeksteenlegging gewees, op 'n stowwerige warm somerdag. Die reën het weggebly. Die grond van die Markplein wat die osse nog 'n week of twee tevore modder getrap het, was toe net die ene stof. Vlieë het gepla. Die ou grasdakgeboutjies rondom die plein is met stof bedek en het maar bra verlep gelyk om die beeld van 'n waardige regeringstelsel uit te beeld. 'n Paar loslopende donkies op die plein was op daardie dag egter min gepla oor die waardigheid al dan nie. Al wat hulle gesoek het was koelte en diè het hulle onder die grasdakstoep van die eerse Volksraadgeboutjie gevind. Terwyl hulle hier vir 'n wyle gestaan en dut het kom 'n Engelse koerantman met sy fotokamera veby en 'snap' hulle. 'n Week of wat later het Oom Paul op sy stoep met 'n paar vriende gesit en gesels toe die koerantman ewe skielik opgewonde daar aankom en die koerant in sy hand wuif. Reeds van ver af 'mister president, mister President, look what I have got in the newspaper.' Hy storm op die stoep af maar Oom Paul vermoed dat daar iets skeel en hy maak asof hy nie Engels verstaan nie. Die Engelsman word na een van die ander mense verwys om te kyk wat in sy koerant is. “Dit is 'n foto van 'n klomp donkies wat onder die stoep van die Volksraadgebou staan.” “En wat staan daarby geskryf?” *The Transvaal Government.*” Oom Paul kyk die Engelsman stip aan. “Sê vir ons Engelse vriend: Hier by ons in die Zuid-Afrikaansche Republiek staan die donkies buite die volksraadgebou maar daar by hulle “back home” staan hulle binne-in die Parlement. [p13]

'n Donkie is 'n ding wat skop

Die volgende vertelling kom uit die boek "The Secret History of South Africa" van H.R. Abercrombie.

About this time [ongeveer 1887] I made a friend, in the Portuguese Consul, the Baron de Mathalla. It happened this way. A few donkeys were always loafing under the verandah of the old Volksraad and one day some small boys tied tin cans to their tails. A dust storm was on, and in their mad flight the asses overturned the Consul. I assisted him to get up, dusted his clothes, and made a friend. He often used to call me to his room which adjoined the consular office in Bureau Lane, where he regaled me with the finest omelettes I have ever eaten. He was an expert chef." [p39]

Die Geskiedenis van East Lynne

Die volgende kom van Anton Jansen

Die dorpsgebied East Lynne, oos van Pretoria, is geleë op die plaas Derdepoort 469, waar die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek op 23 Mei 1849 tot stand gekom het. Dit het behoort aan ene Roelof Janzen.

East Lynne se historiese belang lê in die feit dat die hoofroete na die Zoutpansberge in die noorde vanaf Kerkplein, deur East Lynne geloop het. Die kortste roete na die noorde was deur Wonderboompoort maar omdat die Apiesrivier baie keer die drif in die poort weggespoel het was die alternatiewe roete deur Derdepoort. Die eerste poort na die noorde was Hartebeespoort, die tweede Wonderboom en daarom die laaste een "Derdepoort".

Die pad het van Kerkplein deur Hove's drif, Dr Savageweg, Zoutpansbergweg en dan langs Hartbeesspruit deur East Lynne en Derdepoort geloop en dit verklaar dan waarom Zoutpansbergweg wes-oos loop en nie suid-noord nie.

Verder verklaar dit waarom die hoofroete, Baviaanspoortweg 'skuins' deur East Lynne loop want dit lê presies op die historiese roete. Baviaanspoortweg verwys na die poort verder oos in die Magaliesberg.

Interessant is dat die ou roete van Silverton na East Lynne, Derdepoortweg heet.

East Lynne is 1903 uitgelê en het agt strate gehad, vandag oor die sestig, en was buite die destydse Pretoria Munisipale gebied geleë. Daar heers onsekerheid waar die naam vandaan kom en maar een bron beweer dat dit vernoem is na 'n stad in Amerika. In die staat Virginia, Amerika is daar 'n meer met die naam van East Lynn. Hartbeesspruit het vroeër ook bekend gestaan as Hemspruit waar dit deur East Lynne vloei, omdat die inwoners hul wasgoed daar gewas en gedroog het, dit verklaar Hemspruitstraat, 'n klein straatjie naby Graslaagtestraat en Syferpanstraat, alles name wat na water verwys.

Die poskantoor heet Lynn East, maar dit is onbekend hoekom want daar is nie 'n ander East Lynne in Suid-Afrika nie.

Op 'n heuweltjie noord van Hoërskool F H Odendaal binne Derdepoort Ontspanningsoord is versteurings te sien waar prospekterders meer as 'n eeu gelede vir silwer gesoek het - vandaar die naam Silverton.

Op Magaliesberg waar tans die klipgroewe is sou een van die sewe forte wat Pretoria moes verdedig na die Jamesoninval, gebou gewees het maar weens gebrek aan fondse het dit nie gerealiseer nie.

Blank, swart en kleurling het deurmekaar gewoon en toe in die vyftiger jare van die vorige eeu die groepsgebiedewet in werking gestel word is die kleurlinge na

Eersterust en die swartes na Mamelodi verplaas. East Lynne het ook bekend gestaan in daardie jare vir sy plakkery.

Ondanks die feit dat die Stadsraad in die middel van die vorige eeu begin het om ekonomiese en sub-ekonomiese huise op te rig en die "nagwa" stelsel te vervang met spoelriool het East Lynne nog lank bekend gestaan as die wyk vir die arm blankes.

Die armoede was groot in die gebied en die kerke het probeer om die gemeenskap op te hef. Een so 'n projek was die van die Gereformeerde Kerk Derdepoort. Onder leiding van Ds Stavast het hulle in die sestiger jare van die vorige eeu 'n hoewe noord van East Lynne gekoop en dit in 'n dorpsgebied ontwikkel om o.a. fondse te bekom vir 'n eie kerkgebou. Die ontwikkeling is Ekklesia (Grieks vir kerk) gedoop en Stavaststraat herinner ons aan die gebeure. Tot onlangs was daar nog 'n Ekklesia winkel in Derdepoortweg. Die kerk is ontwerp deur die bekende Pretoriase argitek Johan de Ridder wat tientalle kerke ontwerp het en is op 25 Julie 1970 deur Ds J H Coetzee ge-open, Ds Stavast het intussen 'n beroep na 'n ander gemeente ontvang.

Die groei van die NG Kerk in daardie jare kan gesien word op 'n plaat by die hoeksteen. Die oorspronklike gebou is op 2 Februarie 1957 geopen en 'n gedenksteen is in die toring ingemessel. Latere uitbreidings het die hoeksteen verberg en moes uit die toring verwyder word om in die vergrote kerk ingemessel te word.

Meeste ander kerkgeboue getuig van eenvoud en swaarkry asook nog baie van die klein winkeltjies wat hoofsaaklik deur Indieërs bedryf was. Die Mohammeds, die Sulimans, die Moosas het in die moeilike jare die ekonomiese ruggraat van die bewoners gevorm, waar die kerk nie meer kon help nie het werkloos en weduwees nog altyd 'op-die-boek' kon koop by hulle. In 'n skoolskrif is die aankope ingeskryf onder mies Delpport of miester Swartjan Prinsloo en nooit is die skuld in twyfel getrek nie.

Vandag ondergaan East Lynne 'n ongeordende verandering. Die twee hoofstrate, Stormvoël en Baviaanspoortweg, word besigheidsnodes, daar is parkering vir honderde taxi's wat weer die informele handelsektor meebring. Woonhuise word omskep in paneelkloppers, skrootwerwe en begrafnisondernemers. Maar agter die bedrywighede word die ou sub-ekonomiese huisies verander en aangebou en omskep in dubbelverdieping huise. Ryk en arm woon nou deurmekaar.

Die N1 snelweg het East Lynne in twee verdeel en die klein westelike gedeelte word tans as 'n stuk van Waverley beskou met heelwat hoër eiendomspryse. [Anton Jansen]

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel